# INFORMASIETEGNOLOGIE

## INFORMATION TECHNOLOGY

---

# TOENAME IN STRIKROOFAANVALLE

*Strikroofaanvalle is besig om skerp toe te neem weens personeel en studente wat steeds reageer op strikroof e-posse en hulle gebruikersname en wagwoorde op verdagte webwerwe intik.*

*Hierdie optrede is nie net ? sekuriteitsrisiko vir die betrokke gebruiker nie, maar ook vir sy/haar kollegas en meer belangrik, vir die veiligheid van die universiteit se netwerk.*

*Moet asseblief onder geen omstandighede reageer op enige e-posse wat versoek dat jy jou wagwoord en gebruikersnaam intik nie, selfs al lyk dit op die oog af soos iemand wat jy ken. Hierdie inligting word gebruik deur kuberaanvallers om ons personeel en studente te teiken. Deur jou inligting te gee maak jy dit aansienlik makliker vir hulle om toegang tot ons rekeninge en netwerk te kry.*

*Indien jy vermoed dat jou rekening gekompromitteer is of jy agterdogtige aktiwiteite oplet:*

- *Verander dadelik jou wagwoord by www.sun.ac.za/password.*
- *Kontak die IT Dienstoonbank deur ? versoek aan te meld of 808 4367 te skakel.*
- *Meer inligting oor strikroofaanvalle is beskikbaar op ons blog en Twitter.*

*Posted in:E-pos,Sekuriteit | Tagged:Kuberstrikroof | With 0 comments*